# Hillcrest High School

Graad 11

## AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2

JUNIE 2024

**PUNTE:** 70

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling.

   Roman: Lien se lankstaanskoene 70 punte

   Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.


2. Lees die instruksies baie goed.

3. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
   Mev. Jordaan, Middleton, Schoeman, Nieuwoudt of Wessels

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**Lien se lankstaanskoene**




**Teks A**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag1**

| |
|---|
| Voorspel |
| Hy krap ongeduldig in die boks rond. Hy soek die kasset met die blou plakkertjie. Sy gunsteling. Glimlag toe hy dit raakvat. Hy druk dit in die videospeler en raap die koffiebeker van die vloer af op sonder om sy oë van die televisieskerm te haal. Hy druk die speel knoppie en lê agteroor in die stoel. Hy vat 'n slukkie koffie. Glimlag |

1.1. Ons ervaar die gebeure in die video deur Braam se oë.
Wat noem ons die persoon deur wie se oë ons die verhaal/video beleef? (1)

1.2. **WANNEER** en **WAAR** speel die gebeure in die video af? (2)

1.3. Noem die 4 karakters wat in die video in die voorspel verskyn en sê wat elkeen van die karakters besig is om in die video te doen. (8)

1.4. Die dogtertjie in die video is "haasbek". Wat beteken dit?

Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

A. Sy het hasies as troeteldiere
B. Sy het van haar baba-tande verloor.
C. Sy hou nie van haar boetie nie.
D. Sy het 'n mond vol tande. (1)

1.5. Kies die KORREKTE antwoorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die woorde neer.

Die persoon wat die video neem is 'n 1.5.1. (professionele/amateur) fotograaf.
Ons weet dit, want die video het geen 1.5.1. (agtergrond/klank) nie. (2)

1.6. Beskryf die skoene wat die persoon wat die video neem, dra. Noem 1 feit. (1)

1.7. Gee 2 van jou eie woorde wat die gesin se leefstyl omstandighede (circumstances) in die video beskryf. (2)

(17)

**Teks B**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg

**Vraag 2**

Geel en gelukkig

Soos sy vermoed het, is daar nie grys gare in die amper leë trommeltjie nie en sy moet maar ‘n blouerige kleur gebruik wat sy hoop nie sal wys nie. Sy sukkel om die gare in die naald te kry, steek haar vinger raak.

Lien kyk op. “Ek haat jou,” sê sy vir hóm in die spieël. “Ek háát ...jóú,” sê sy weer, stadiger, afgemete, klem op elke woord. Sy skrik vir haar gesig in die spieël. Haar lang, donker hare is deurmekaar en haar oë is groot en swart. Is dit hoe haat lyk?

*A little girl with nothing wrong*
*Is all alone*

Spot Norah Jones. Lien steek vir Norah tong uit.

2.1. Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

Die titel van hierdie hoofstuk verwys na:

A. Die mooi *view* buite hulle woonstel.
B. ‘n Primêre kleur wat van belang is in die woonstelgebou.
C. Lien se beskrywing van haar ma as sy te veel gedrink het.
D. Hoe Lien-hulle nou voel. (1)

2.2. Na watter tipe musiek luister Lien se ma? (1)

2.3. “Soos sy vermoed het, is daar nie grys gare...”

2.3.1. Waarvoor het Lien grys gare nodig? (1)
2.3.2. Wie se verantwoordelikheid is dit eintlik om die werk in 2.3.1. te doen? (1)
2.3.3. Hoekom kon die persoon dit nie daardie aand doen nie? (1)

2.4. Die volgende stelling is WAAR. Haal aan om te bewys dat dit WAAR is.

Lien doen nie gewoonlik naaldwerk nie. (1)

2.5. "Ek haat jou," sê sy vir hóm in die spieël.

2.5.1. Met wie praat Lien as sy sê: "Ek haat jou." ? (1)
2.5.2. Hoekom haat sy dié persoon? (1)

2.6. Wie is Norah Jones? Gee 1 feit. (1)

2.7. Kies die KORREKTE woord om die sin hieronder te voltooi.

As ons die woorde van die Norah in die bostaande uittreksel lees, kan ons aflei dat Lien (jaloers/eensaam) voel. (1)

2.8. Watter kos item pas nie in Lien se huis in nie? Skryf slegs die LETTER neer.

A. varkworsies
B. roereier
C. roosterbrood
D. blik boontjies (1)

| Geel en gelukkig |
|---|
| Oor die CD-spelertjie in die hoek blêr 'n vioolkonsert wat dooie mense in hulle grafte sal laat regop sit. |

2.9. Hoekom sal die dooie mense in hulle grafte regop sit? (1)

2.10. Wat is die *centrepiece* van Lien-hulle se yskas? (1)

| Geel en gelukkig |
|---|
| Haar ma skink nog 'n glasie. Klink, tjorr, kraak, ploinks en sug. Sy kom staan by hulle, glasie in die een hand. Sy vee oor Braam se swart krulhare. |

2.11. Wat is besig om te gebeur wanneer Lien die : "Klink, tjorr, kraak, ploinks" hoor? (1)

2.12. Wie anders in die Jooste gesin het swart krulhare? (1)

Geel en gelukkig

Haar ma sal waarskynlik môre weer nie by die werk uitkom nie.

2.13.1. Wat kan ons uit hierdie sin aflei omtrent Lien se ma se bywoning (attendance) by die werk? Verduidelik in ‘n goeie vol sin. (1)

2.13.2. Wat sal uiteindelik die gevolg (consequence) wees dat haar Ma so min werk toe gaan? (1)

(17)

**Teks C**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag 3**

Hoofstuk 14

A change of scenery (régtig)

Mettertyd begin sy ontspan. Sy glimlag selfs vir die mense wat langs haar stilhou. Die meeste maak geen oogkontak nie. Ander draai hulle vensters op sodra hulle die kruising nader, maak of hulle haar nie sien nie.

Party gee darem. Lien kyk nie wat hulle in haar hande stop nie, maar sy leer gou hoe voel ‘n tweerandmunt, ‘n vyfrandmunt. Sy verbeel haar die kleiner munte voel ligter. Een vrou gee sowaar vir haar ‘n noot. ‘n Groene. Sy voel soos ‘n hond om die mense se geld te vat.

3.1. Kies van die woorde in die blokkie hieronder om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommers en woorde neer.

| |
|---|
| eerste, Malie se tuin, Weighless, lieflik, kelnerin, bedelaar, vakansie, kraamverlof, derde, haarsalon, onregverdig |

Dit is die eerste dag van Lien se (3.1.1.) __________ werk. Sy is nou 'n (3.1.2.) ________. Sy het eers by (3.1.3.) _______ gewerk en daarna by die (3.1.4)___________ gewerk. Die rede waarom sy haar eerste werk verlaat het was omdat sy gevoel die eienaar was (3.1.5.) ____________. Sue-Ellen het teruggekom van (3.1.6.) ___________, daarom het Lien haar tweede werk verloor. (6)

3.2. Noem twee items wat Lien dra om haar te vermom terwyl sy bedel. (2)

3.3. Rangskik die volgende gebeure in kronologiese volgorde. Skryf die vier sinne in die korrekte volgorde neer.

- Lien staan per ongeluk op Roos se hoek.
- Lien stap na die besige kruising.
- Tibbey nooi vir Lien na 'n *tea break.*
- Lien vou haar bedelplakkaat oop**.** (4)

3.4. As jy na Tibbey se pet en vlag kyk, sou jy dink hy ondersteun 'n sekere rugbyspan.

3.4.1. Watter rugbyspan is dit? (1)

3.4.2. Watter **SPORT** en **SPAN** ondersteun Tibbey werklik? (2)

3.5. Aan die einde van daardie eerste dag op die straat gee Roos vir Lien 2 stukkies raad. Wat was haar advies aan Lien? Noem die TWEE dinge. (2)

3.6. Wat koop Lien vir haarself voordat sy daardie middag huis toe gaan? Wees spesifiek. (1)

3.7. Verduidelik die **LETTERLIKE** en **FIGUURLIKE** betekenis van die titel van die roman. (2)

(20)

**Vraag 4: Aspekte van die roman: Lien se lankstaanskoene**

4.1. Voltooi die sin. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.
Omdat ons die hele tyd weet wat Lien dink en doen kan ons sê dat Lien
'n _______________ verteller is. (1)

4.2. In watter stad van Suid-Afrika speel die verhaal af? (1)

4.3.1. Waar ontmoet Lien en Wouter mekaar gewoonlik soggens voor skool? (1)
4.3.2. Waar drink Lien en Wouter graag saam koffie? (1)

4.4.1. Noem 1 fiktiewe plek wat in die verhaal voorkom. (1)
4.4.2. Noem 1 werklike plek wat in Pretoria bestaan wat in die verhaal voorkom. (1)

4.5. Gee 2 redes waarom Lien bedel. (2)

4.6. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Lien se gesin was vroeër jare baie gelukkig, maar in ( ooreenstemming / kontras) verbrokkel die gesin in die hede (present). (1)

4.7. In die roman word verskeie sosiale probleme aangespreek.

Pas die sosiale probleem in KOLOM A by die voorbeeld in KOLOM B.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 4.7.1. | Armoede | A | Party ouers vervul nie hulle verantwoordelikhede nie. |
| 4.7.2. | Ouerlike pligte | B | Pa is in die tronk hiervoor. |
| 4.7.3. | Bedrog | C | Christien Jooste drink te veel. |
| | | D | Lien moet werk en bedel. |

(3)

4.8. Aan die begin van die roman is Wouter Lien se enigste vriend. Later word sy vriende met Miemie en Hein.

Waarvan is hierdie nuwe vriendskappe 'n teken? (1)

4.9. Hoe voel Lien as sy geld van vreemdelinge vat? (1)

4.10 Hoe voel jy wanneer Lien geforseer voel om te bedel? (1)

4.11. In die titel van die roman kom ons die herhaling van die L-konsonant teë.
Wat noem ons hierdie beeldspraak? (1)

(16)

**GROOTTOTAAL:70**

